# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2024

**Viering** van ons geloof en mekaar se lewensmomente

**2024.32**

---

| | |
|---|---|
| | Matteus 1:18; Lukas 1:26-28; Matteus 4:16; Lukas 2:32; Lukas 2:11; Matteus 1:18-25; Jesaja 6:5; Lukas 1:32-33; Lukas 2:14; Johannes 1:14-18 |

**Ons vier Kersfees**

Die viering van Kersfees (op 25 Desember) is vir baie mense die hoogtepunt van hulle jaar. Kerstyd begin met sonsondergang op Oukersaand (24 Desember) en duur tot 5 Januarie. Dit is dus eintlik 'n tydperk van twaalf dae. Die naam Kersfees kom van die oud-Engelse "Christes maesse" (= "Christ's mass"), wat die eerste keer in 1038 gebruik is. Dit verwys na die misdiens wat op 25 Desember ter ere van die geboorte van Jesus Christus gehou is.

Wat vier ons met kersfees?

- dat die ware lig wat op almal skyn, in die wêreld gekom het en die duisternis verdryf het (Matteus 4:16; Lukas 2:32)
- dat die Woord vlees geword het en onder ons kom woon het (Johannes 1:14-18)
- dat Jesus Christus, God se Seun, ontvang is van die Heilige Gees en gebore uit die maagd Maria (Matteus 1:18; Lukas 1:26-28)
- dat vir ons 'n Kind gebore is, vir ons 'n Seun gegee is; en die heerskappy sal op Sy skouer wees, en Sy naam sal genoem word wonderlike Raadgewer, magtige God, ewige Vader, Vredevors (Jesaja 9:5)
- dat die goeie nuus van groot blydskap vir al die mense sal wees. Want vir julle is in die stad van Dawid 'n Verlosser gebore, wie Christus die Here is (Lukas 2:11)
- dat ons oë God se verlossing gesien het wat Hy voorberei het in die teenwoordigheid van alle volke, 'n lig vir openbaring aan die heidene en tot eer van sy volk Israel (Lukas 2:30-32)
- dat daar eer in God is, in die hoogste, en vrede op aarde onder die mense in wie Hy 'n welbehae het (Lukas 2:14)
- dat Jesus uit die hemel neergedaal het om nie Sy eie wil te doen nie, maar die wil van God wie Hom gestuur het (Johannes 6:38)

Kersfees gebeur anders by mense wat Jesus navolg. Ja, sy mense gee ook geskenke weg aan diegene wat naby aan hulle is, maar hulle doen meer as dit. Hulle gee altyd ook iets van hulleself weg.

Jesus se soort Kersfees verander sy volgelinge in ligte vir die donker wêreld. Dit verander God se kinders in noodhulp-werkers wat stukkies genadebrood, en regte brood ook, rondom hulle uitdeel.

Mag jy in hierdie Kersfeestyd Jesus se wonderlike geskenke ontvang. Mag jy dit ook gaan deel met almal rondom jou! Want daar's heeltemal te veel in jou hemelse eie Kersgeskenk wes om alles self op te gebruik.

- https://www.bybel-en-gebed.co.za/bybelverse-vir-kersfees-2/
- https://nie.co.za/2023/11/13/leer-jou-kinders-waarom-ons-kersfees-vier/

Dink bietjie:

- Hoe belangrik is Kersfees vir jou as 'n Christusfees?
- Is dit vir jou belangrik om op Kersdag kerk toe te gaan?
- Sien jy uit na Kersfees?

*Vir die groepgesprek:*

1. Wat doen julle gewoonlik met Kersfees? Vertel mekaar
2. Is dit belangrik dat ons 25 Desember as Jesus se geboortedag vier? (al stry mense oor die datum)
3. Wat dink julle oor al die blink en musiek en geskenke met Kersfees?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. Jesus word in Bethlehem gebore, en sy moeder is Maria, 'n maagd (Matteus 1:18; Lukas 1:26-28). Glo julle dat 'n maagdelike geboorte moontlik is?
2. Jesus se geboorte verdryf die duisternis (Matteus 4:16; Lukas 2:32) – wat dink julle word met duisternis bedoel?
3. Die goeie nuus is vir almal (Lukas 2:11) – wat is die goeie nuus? Vgl Matteus 1:18-25.
4. Kersfees is eers later as fees gevier. Is Kersfees belangriker as Paasfees? Wat dink julle? Vgl Jesaja 6:5 en Lukas 1:32-33
5. Die engele bring eer aan God in Lukas 2:14. Hoe kan ons die engele dit vandag nadoen?
6. Kersfees vier ook dat Jesus mens geword het (Johannes 1:14-18). Wat beteken dit vir julle dat Jesus 'tussen ons' kom woon het?

Julle kan die lied saamsing:

"Christus, ewig God en Heer,
Christus daar omhoog vereer,
in die volheid van die tyd
word Hy mens, in need'righeid.
Sondelose Lam van God
kom aanvaar die mens se lot
Hy, met mense saamgetel,
ware God - Immanuel!
Ook die aarde bring Hom eer -
Christus, ewig God en Heer!" (Lied 365, vers 2, Afrikaans)